# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper

## 23 - 29 Februarie

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00 **Tel:** 012 333 4273 **Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za **Facebook:** Pierneef Gemeente
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

## *Vandag (23 Februarie)*

**9:00: Erediens en Kinderkerk**
**Teks:** Ef 1 en 1 Kor 12
**Tema:** Sien Kerk anders
**Prediker:** Ds Paullet Grobler
**10:00:** Kategese en Belydenisklas
**Teebeurt:** Wyk J

**24 Feb (18:30):** Kerkraadsvergadering
**25 Feb (8:30):** Seniors stap (By die Botaniesetuine)
**(17:00):** Advertensieborde hang in die omgewing
**26 Feb (18:30): Aswoensdagdiens**
**29 Feb (9:00):** Diensbaarheidsaterdag

**Baie welkom aan al die besoekers en nuwe lidmate!**
Ons hoop jy kuier vandag lekker by ons! As jy meer wil weet oor ons gemeente, of as lidmaat wil inskakel, kan jy gerus na die erediens die INLIGTINGStafel in die voorportaal besoek. Jy is ook welkom om die Kerkkantoor te kontak by 072 137 4407 of kantoor@ngkpierneef.co.za

## Basaar Nuusflitse!

- Die Aandblom Volkspele laer kom bederf ons met volkspele by die Basaar, hou dop vir die tyd! Dit gaan besonders wees.
- Ons kort Gazebo's vir die stalletjies en kuierarea vir die dag. Indien jy een het wat ons kan gebruik, laat weet asb vir Phillip Koekemoer.
- Ons het 'n Ontbytstalletjie op ons Basaar van 8:00-10:00! Bestellings vir ontbyt kan vooraf opgeskryf word by die deure Sondae voor die Basaar.
- Daar is gevra vir die volgende skenkings:
  - Cappuchino koffie (sakkies) en moerkoffie
  - **Enige gebak (koeke, beskuit, terte, kleinkoekies, ens.) Dit kan tuisgemaak of gekoop wees!**
  - Olie, spek, eiers en konfyt
  - *Ons het 'n "Vleisfonds". Ons wil graag 'n bees koop om te slag vir die basaar. Enige skenkings is welkom (Kontak asb vir Willie- 084 805 8427 indien jy kontant kan skenk of weet van 'n vleisskenking)*
- Die Wit Olifant stalletjie gaan baie groot wees hierdie jaar! Daar is 'n klere afdeling en baie speelgoed wat saam met die gewone interessante items uitgestal gaan word. Nooi gerus julle huishulpe en ander wat sal belangstel!
- Die Veiling is ook 'n groot gebeurtenis hierdie jaar, ons het reeds goeie items wat opgeveil word. Indien daar enige iets is wat jy kan bydra, kontak asb vir Calla!
- Die Boeremusiekgilde is hierdie jaar weer by die basaar om ons te vermaak.
- **Ons het mooi corex-advertensieborde wat ons wil opsit sodat almal weet van ons basaar. As jy dalk 'n paar wil vat om by 'n spesifieke besigheid/skool/omgewing op te sit - vat gerus soveel as wat jy nodig het sodat onsdie nuus wyd en syd kan versprei! Die borde is in die konsistorie.**
- **Almal wat kan kom help borde opsit in die omgewing, kom Dinsdagaand 17:00 by die kerk bymekaar.**

## Basaar: #OnsBly

'n Tradisionele Suid - Afrikaanse Basaar:
7 Maart vanaf 8:00

Wat is die ding wat jy die meeste van hou van Suid-Afrika? Whats-app ons en deel jou mooi ervaring van ons land! (076 841 1568)

"Gee my 'n oomblik asseblief, laat ek vertel. Van 'n land waarin ek woon, drome droom, wel! Gee my 'n oomblik en onthou van al daai dae... En tannie Carike op die radio wat sing. En ons skree hard vir die Bokke om die beker terug te bring, ja! Hierdie land, wat my geluk bring...Gee my 'n kans om te verduidelik hoe dit voel om met trots te sê ek is Afrikaans en dit te kan bedoel. Om 'n Bunnychow te eet en die Madiba jive te doen, die Huisgenoot, Stellenbosch, Mannetjie Roux. Issie Cape flats, die kaptein Loftus toe. O maak jou venster wawyd oop as jy Namakwaland toer, ek voel die wind as my land jou roep...
Gee my 'n oomblik asseblief laat ek jou wys. Hoekom noem ek hierdie crazy land nog steeds my huis. Dis die land van goeie hoop en Tassenberg. Die ghoema in jou bloed en die kombers oor Tafelberg. En ek het altyd gedroom om te kan wees soos David Kramer. En elke liewe Sondag was dit tyd vir die Onse Vader. Seën asseblief hierdie land waarin in ons woon en al die ander mense wat soos ek van vrede droom. En liefde volop soos die sterre in die Klein Karoo. Dis 'n land van kleure en klank. Dis 'n land van oorvloed en dank. Dis 'n land wat almal na strewe. Dis 'n land sonder horison en dis 'n land wat weet hy kan. Ook 'n blyplek neerlê vir my. " *(Gevat uit die lied: Dis 'n land)*

## Dorkas se Kombuis

Baie dankie vir die mooi bydraes vir ons projek! Indien jy graag wil bydra ons fokus op die volgende benodighede : Rooibostee, bully beef, soya maalvleis, toiletpapier en tandepasta.

Ons pak nou vir 20 gesinne. In Januarie het ons 20 pakkies per week afgelewer en in Februarie pak ons 10, 10 pakkies elke week.

Ons pakkies van 5 en 11 Februarie het dus dieselfde inhoud gehad:

1. 1kg rys – R 11-50
2. Blikkie gemengde groente – R 10-00
3. 200g Soya – R 14-00
4. Pakkie sop – R4-00 ( ons pak die sop sodat dit as 'n speseryerige iets gebruik kan word)
5. 1L aanmaakkoeldrank – R 7-00
6. 1x rol toiletpapier – Ongeveer R 4-30
7. 75g tandepaste met tandeborsel – R 13
8. Sanitêre ware – R 9
9. 6 koppies Waspoeier – skenking ontvang

Totale waarde van een pakkie is dus R 72-80.

**Baie dankie vir elkeen se bydrae!!!**

Indien jy graag 'n donasie wil maak, hier is die bankbesonderhede:
**Bank: Capitec, Takkode: 470010, Rekeningno.: 1651207613, Naam: M Janeke**
Kontak asb vir Marlie (082 331 0591)

# *Gemeentenuus en Ons Mense*

## Nog 'n jaar jonger...

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3/3 | Mnr | Tiaan | Appelgryn | 082-532 4681 |
| 3/3 | Mnr | Kenny | Erasmus | 0 |
| 3/3 | | Adele | Loubser | 082-329 0437 |
| 5/3 | Me | Alrina | Teichert | 076-683 8914 |
| 6/3 | | Zander | Kok | 012-333 2610 |
| 7/3 | Mej | Marita | Moolman | 083-382 2477 |
| 7/3 | Mnr | Hennie | Mostert | 084-579 6123 |
| 7/3 | Mnr | Daniël | Trollip | 081-415 5470 |

## Bid asb vir...

- Mauritz Visagie wat tans chemo kry (072-152 1224).
- Lindie Le Roux het 'n suksesvolle Pneunektomie operasie ondergaan (linker long is weens kanker verwyder). Sy moet egter nog chemo kry (012 333 8373).
- Stephanie McMenamin wat by die huis herstel na 'n tyd in die hospitaal (072-659 9111).
- Jenny Koekemoer en haar familie met Chris se afsterwe (060-359 6401).
- Bid asb vir Marita Moolman se moeder wat wag vir uitslae vir bloedtoetse wat gedoen is.
- Loof God dat geweldenaars in tronke tydens hulle gevangehouding bekeer word.
- Vra dat die Here kinders teen die strikke van die vyand en misleiding van sondaars sal beskerm (Spr1:8-10).
- Bid asb vir die Kerkraad en Finansiesvergadering Maandag. Bid vir wysheid om goeie en regte besluite te maak.
- **Bid asb vir ons gemeente aktiwiteite en die wat leiding neem daar, veral vir 'n suksesvolle Basaar!**

# *Advertensies*

Vir plasing van advertensies kontak asb vir Steve (072 137 4407 of kantoor@ngkpierneef.co.za).
Kostes vir advertensies is R10.00 per plasing.

